

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen hoe die Here ons regmaak vir sy diens teenoor hoe geestelikes mense wil mooi maak vir God. Regverdigmaking deur Christus is altyd reg maak om toegerus met die regte lewenshouding diensbaar te wees. Christus bekleed ons nooit met skoonheid en krag om te wys hoe God sy mag met ons deel nie. Daarom is die deugdes waarmee ons dien nie 'n vertoon van 'n geestelike houding om God uit te beeld en te verteenwoordig nie. Dit is altyd die ingesteldheid waarmee ons dien. Daarom wys Christene in hul lewe altyd die merke waar hulle seergekry het in hul liggaam en siel in die moeilike take waarvoor God hulle gebruik het. Ons wys nie skoonheid en krag nie, ons wys littekens van dienswerk

Skriflesing Galasiërs 5: 13 – 26; 6: 2 – 4, 9, 10, 17.

Teks Galasiërs 5: 13 b “Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verkoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.

Tema Christus maak ons reg om te dien nie mooi te wees nie

1. Die kinders! Ons gaan vanoggend 'n voorbeeld gebruik om ons te help om die boodskap in hierdie teksgedeelte te verstaan wat ons saam gelees het.

Kyk wat het ek hier in my hand! Dit word 'n bobbejaansleutel of bobbejaanspanner genoem. Dit is 'n spanner waarmee 'n mens baie groot pype en yster kan draai en vashou.

Ons het vanoggend hier op die kansel twee bobbejaansleutels. Hierdie een is baie groot, mooi wit geverf sonder enige merkie op die verf, mooi blink hier op die kop en beke en die tande hier binne sy klou is vlymskerp. Hierdie ander een is baie kleiner, 'n mens kan sien hy was rooi geverf maar die meeste van die verf is al af, hy is vol kepe, tjips, duike en hierbo is sy tande al stomp en is hy lendelam. Wanneer jy hom skud dan hoor jy somer hy is al bietjie lendelam.

As julle as kinders mag kies vanoggend watter een sal julle graag wil wees? Hierdie baie groot wit, blink skep en ferm een of hierdie klein een met tjips, merke wat stomp en lendelam is?

As julle so na die groot en ou mens vanoggend hier die die erediens kyk, hoe lyk hulle vir julle? So groot, blink, sterk en skerp of so lendelam, verfaf, gekeep en stomp?

Hoe sal julle eendag wil lyk, wanneer julle so oud soos hierdie groot mense hier in die erediens is? Soos hierdie mooi blink een of hierdie lendelam een?

2. Paulus wys in Galasiërs 2 dat die Here ons regmaak. Dit is wat die woord “regverdig maak of vryspreek beteken. Jesus lyf ons in by hom as mens in die hemel sodat Hy ingelyf is in ons sondes en dit wegvat, en ons inlyf in hoe reg en heilig Hy is. Só maak die Here ons reg!

Deur ons reg te maak, verander die Here ook ons innerlike ingesteld teenoor God, mense en die wêreld. Hierdie houding wat God binne in ons verander noem Paulus “die vrug van die Gees” in Galasiërs 5: 22. en beskryf dit dan as “liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

Wat is hierdie vrug van die Gees? Hierdie nuwe lewensingesteldheid wat die Here in ons skep deur ons vir Hom reg te maak en reg te laat wees?

- Is dit die manier waarop ons vir God en mense moet mooi lyk, of
- is dit die manier waarop ons God en ons naaste moet dien?

Dien beteken nie net om die werk te doen waarmee ons geld maak nie. Dien beteken alles wat ons vir mekaar as mense doen om mekaar te help, by te staan, te ondersteun, aan te moedig en mekaar se laste te dra. Dit is soos Paulus dit in Gal. 6: 2 voorhou.

Wat is die verskil tussen wanneer hierdie lewensingesteldhede wat Paulus die vrug van die gees noem, net houdings is waarmee ons mooi lyk teenoor wanneer dit die houding is waarmee ons ons diens werk doen?

3. Ons kan hiervoor weer ons voorbeeld van die twee verskillende bobbejaansleutels gebruik!

Paulus wys in Gal. 6: 3 gelowiges hulle nie moet verbeel hulle is iets nie, terwyl hulle niks is nie. Verbeel beteken jy dink net binne in jou kop en sien net prentjies in jou kop oor hoe mooi jy is, sonder dat jy ooit regtig enige iets doen. Dit is net om jouself mooi te sien in jou verbeelding sonder om iets te doen.

Kom ons kyk nou weer na hierdie baie groot, blink, skoon en skerp bobbejaansleutel! Kyk hoe lyk hy! Hier is nie een merkje wat op hierdie skoon wit werf wys nie. Hier is nêrens 'n duikie, merkje of tjippie iewers in die yster nie. Hier is nêrens 'n lendelam plek wat verweer en uitgewerk is nie. Hier is sommer so helder blink ysterkop met sulke skep blink tande waarmee hy kan vasgryp, nes 'n bobbejaan!

Hoekom lyk hierdie sleutel so mooi?

Want hy het regtig sy hele lewe lank nog nooit enige werk gedoen nie. Dit is al hoe hy so mooi kan bly lyk. Hy was nog altyd weggebere en vir niks ooit uitgehaal om gebruik te word nie.

Dit is wat Paulus bedoel met jy verbeel jou jy is iets, maar jy is niks nie. Jy verbeel jou jy is mooi maar jy het nog nooit werklik enige iets nuttigs gedoen nie. Dit is wat jy met raaksien wanneer jy na hierdie groot mooi wit en blink bobbejaanspanner kyk! Hy verbeel hom hy is iets, maar hy is niks nie.

Wat sien jy as jy na hierdie klein, rooierige verf af, getjpte, lendelam en stomp sleutel kyk? Jy sien 'n spanner wat elke dag vir baie verskillende soorte werk gebruik is, harde en moeilike werk!

4. Kyk wat noem Paulus al hierdie merke en duike wat mense dra wat baie vir die Here gewerk het! Hy sê dat hy die littekens van die Here Jesus Christus aan sy liggaam dra. Hy noem hierdie verf af, duike, stomphheid en lendelam wees – die littekens van die Here Jesus Christus.

Wat vir 'n ding is 'n litteken?

Dit is merke wat wys waar jy baie seergekry het omdat jy vir Here werk gedoen het in jou diens aan God en aan mense. Littekens is merke wat seerkry in diens van die Here wys.

Kom ons lees 'n bietjie 'n gedeelte waar Paulus vir ons 'n lys gee van alles wat hom seergemaak het en littekens van hierdie seerkry gelos het in die dienswerk van die Here. Dit is 2 Korintiërs 11: 23 – 33. In hierdie gedeelte beskryf Paulus die volgende seerkry wat littekens van die Here op hom gelos het.

Dit is waarskynlik dat die briewe Galasiërs en 2 Korintiërs nie lank na mekaar geskryf is nie omdat dit inhoud van die twee briewe baie ooreenkom. So die littekens van Gal. 6: 17 is nou verbind met die seerkry van 2 Korintiërs 11.

Paulus noem die volgende seerkry vir Jesus Christus wat merke op hom gelos het:

- Hy was al 'n paar keer in die tronk met al die vernedering om as 'n misdadiger misbehandel te word.
- Hy was baie keer amper doodgemaak met al die trauma en post traumatiese stres wat so naby doodservaring veroorsaak.
- Hy is vyf keer met nege-en-dertig houe geslaan, een keer met klippe gegooi en nog drie keer lyfstraf gekry, wat merke op sy rug en lyf gemaak het waarvan party nooit regtig weggegaan het nie.
- Hy was in 'n skepe wat gesink het en waarin hy in die see rondgedobber het.

- Hy moes sonder salaris werk as prediker en self geld maak deur tente te maak om te kan preek, wat hom baie deur nagte laat werk het, en naby uitbranding gebring het.
- Hy moes in sy werk en reise baie keer honger en dors wees en moes koue sonder warm huisvesting en klere oorleef.
- Hy moes mense se seerkry, hulle ongeloof en verval in sondes saam met hulle deurmaak wat hom in sy eie menswees stukkend gemaak het.

Met hierdie druk en seerkry dra Paulus in sy liggaam en siel baie littekens, merke wat hierdie ontbering wys. Hierdie merktekens op ons liggame is so diep dat argeoloë wat skelette opgrawe, met toetse op bene kan wys of mense ondervoed was en wat se siektes hulle gehad het.

5. Wat maak hierdie littekens op Paulus se liggaam en siel? Hy noem dit die merktekens van Christus. Daarmee wys hy wie en wat hierdie littekens vir hom gegee het. Dit was Christus. Want elke litteken wys waarvoor het die Here Jesus hom voor gebruik as werktuig in sy diens.

Elke litteken is 'n merk van dienswerk vir die Here!

- Dit is littekens van gemeentes wat Paulus deur sy prediking begin het.
- Dit is littekens van hoe Paulus gemeentes gelei het om in die geloof te leef.
- Dit is littekens van hoe hy gemeentes en die hele kerk georganiseer het.
- Dit is littekens van hoe hy teen gemeenskappe en owerhede se woede die evangelie bly preek het.
- Dit is littekens van hoe hy lidmate, ouderlinge, diakens en predikante aangestel en opgelei het.
- Dit is littekens van hoe hy die lidmate en gemeentes teen valse leraars verdedig en beskerm het.

Paulus dra die merke van hoe hy seergekry het terwyl die Here hom in sy diens gebruik het.

6. Daar was ook terselfdertyd ander soort predikers en mense in die gemeentes wat nie littekens gekry het van dienswerk vir die Here nie. Hierdie predikers was mooi mense. Hulle is soos hierdie groot, helder wit, blink en skerp bobbejaanspanner. Hulle is mooi mense wat ander mense help om mooi mense te wees.

Paulus wys hoe maak hulle mooi mense in Galasiërs 1: 7: hulle verkondig heeltemal 'n ander evangelie as wat Paulus verkondig. Hulle het mense geleer om mooi mense te wees deur die wet van God, liefdesgebot van die Here te onderhou. Dit verduidelik Paulus in hoofstukke 2: 15 tot 4: 31. Hulle leer dat jy vir God moet mooi lyk deur liefde te wys.

Hierdie verskil tussen Paulus wat wys God maak ons werktuie wat Hom en ons naaste dien en ander wat leer dat God jou 'n mooi mens maak wat mense wys hoe lyk liefde, het gemaak dat ander apostels soos Petrus en Barnabas, Paulus se medewerker, vir hierdie predikers bang was. Wanneer hierdie mooilyk-predikers na die gemeente gekom het, dan het Petrus en Barnabas nie meer saam met die diensbare Christene kerkgehou en geëet nie, want hulle wou nie wys hulle is nie mooilyk mense nie. (Gal. 2: 6 – 8)

Daarom stel Paulus baie duidelik dat die Here ons regmaak vir diensbaarheid in Gal. 2: 16: “en tog weet ons dat 'n mens nie op grond van die nakoming van die wet geregverdig kon word nie, maar slegs deur die geloof in Jesus Christus.”

7. Só! Hoe maak Jesus wat ons vir sy dienswerk reg maak, dat ons op 'n heel ander ma nier na onself en na ander mense kyk?

Christus maak dat ons onself en medegelowiges sien as werktuie van Christus in sy diens, nie as magsimbole nie. Dit is die verskil tussen afgodsdien en godsdien – die verskil tussen diensbare werktuie vir God en magsimbole van God se goddelikheid.

In afgodsdien moet mense met geestelike skoonheid en geestelike kragdadigheid simbole van geestelike mag wees. Hulle skoonheid en krag wys dat hulle met die goddelikheid van God bemagtig is. Daarom moet hulle skoonheid en krag hul vertoonstukke van mag laat wees.

Dit is hierdie geestelike vertoon van skoonheid en krag, om geestelike mag uit te beeld wat Paulus uitwys as mense wat hulle verbeel hulle is iets, maar hulle is niks nie. Want hulle is nie hierdie goddelike mag wat hulle kamstig met hul geestelike skoonheid en kragdadigheid wys nie. (Gal. 6: 3)

Christus maak ons reg vir sy dienswerk as Here. Daarom stel Paulus dat elke Christen kan trots wees op wat hy vir die Here doen. (Gal. 6: 4) Hierdie trotswees is nie op mag nie. Dit is die innerlike trots dat ek deur die Here reg gemaak is vir sy diens en dat die teenwoordige Here my in sy diens elke dag gebruik.

Christene wys nie skoonheid en krag om hul mag ten toon te stel nie. Christene wys die littekens wat hulle opgedoen het, in hulle dienswerk aan God. Ons littekens is nie magsimbole nie, dit is getuienis van dienswerk wat gedoen is.

8. Christus maak ons dus reg vir dienswerk, nie mooi vir magsdemonstrasies nie.

Deur ons vir sy diens reg te maak en in sy diens te gebruik, maak 'n ingrypende verkil in ons lewenswyse. Dit maak dat ons littekens wat ons in sy diens opdoen terwyl ons vir Hom diensbaar is, ons nie laat moeg word om goed te doen nie en ook

dat ons geen geleentheid laat verbygaan om nog 'n keer en weer 'n keer diensbaar te wees nie, maak nie saak hoeveel littekens het ek al en hoeveel gaan ek nog kry nie. (Gal. 6: 9, 10)

Hoekom ons nie moeg word nie, gaan nie oor ons kragdadigheid om nie seer te kry of ons onaantasbare geestelike skoonheid nie. Ons word met elke diensgeleentheid weer gestres, weer stukkend, weer afgetakel en weer innerlik gekrenk, maar dit gaan oor die trots dat die Here my elke keer weer gebruik.

Dit is wat 'n mens in hierdie klein, rooi, getjpte, veraf en stomp bobbejaanspanner moet raaksien. Elke keer as sy eienaar iets wil doen, dan soek hy en gebruik hy hierdie een, en dit is ons trots as die Here se werktuie, sy dienaars!

Die Here hou nie op om my weer vir een van sy projekte in hierdie wêreld te gebruik nie! Ek is die dienaar wat altyd saamdra en gebruik.

Iets hiervan die teenstrydigheid van om opgebruik te voel, maar nie moeg word om weer diensbaar te wees in God se diens nie, sien ons in Paulus se pleit by die gemeentes in Turkye, dit is Galasië: "Niemand moet dit vir my verder moeilik maak nie, want ek dra al klaar die littekens van Jesus aan my liggaam."

Paulus het gevoel hy is ooreis en opgebruik, maar die Here het nie opgehou om hom nog steeds te gebruik in sy diens nie. Na hierdie brief was Paulus deur die Jode in Jerusalem probeer vermoor gewees, was hy byna 18 maande in die tronk in Sesarea en nog langer in die tronk in Rome. Die Here het hom gebruik om die kerk as deel van die openbare orde van die Romeinse Ryk te vestig. Hierdie werk was so moeilik dat die Here hierdie spanner van hom, Paulus se kop afgedraai het in sy laaste groot werk om die kerk te vestig in die Romeinse Ryk – Paulus is deur die keiser Nero se toedoen onthoof as misdadiger.

Dit was sy liggaam se laaste litteken. Paulus was kopaf geen mooi vertoonstuk van God se mag nie. Hy was 'n opgebruikte werktuig, dienaar van die Here.

9. Christus verander ons lewe op nog 'n ingrypende wyse deur ons reg te maak vir dienswerk as Here en God.

Hy maak ons tros op die werk waarvoor die Here ons gebruik, sonder dat ons wat ons vir die Here doen vergelyk met dit waarvoor die Here ander Christene gebruik!

Ons is nie trots op ons littekens nie. Ons is trots op die werk wat die Here ons voor gebruik het terwyl ons littekens opgedoen het in werk wat so swaar was dat ons self seergekry en gekrenk is.

Die kinders! Kan hierdie bobbejaanspanner jaloers voel op wat sy eienaar met 'n hamer doen, en voel maar hy wou ook as 'n hamer gebruik gewees het? Kan hierdie bobbejaanspanner kwaad wees as hy sien waarvoor sy eienaar 'n skroewedraai, 'n beitel, 'n boor of tang voor gebruik?

Dit is iets wat hy glad nie gaan doen nie, want hy doen die werk waarvoor die Here net hom kan gebruik, net soos al die ander werktuie en dienaars wat die Here gebruik!

Werktuie is trots om te wees en te doen waarvoor die Here hulle gemaak en gebruik. Daarom vergelyk hulle hul self nooit met die ander werktuie, dienaars van die Here nie. Hulle weet elkeen is 'n dienaar met spesifieke talente, tyd, geleenthede en dienswerk vir die Here wat elkeen gebruik soos Hy dit wil en beskik.

10. Mooi maak godsdiens werk egter heeltemal anders as om 'n werktuig en dienaar vir God te wees wat Hy reggemaak het om vir Hom te werk!

Vandag hoor 'n mens hierdie mooimaakgodsdiens in baie eredienste in omtrent al die kerke oor die hele wêreld! Geestelike dominees, pastore, priesters, rabbi's, imams, ghoeroes en spirituele intellektuele vertel vir mense die hele tyd hoe hulle mooi en kragtig moet leef sodat hulle deel kan word, van die krag van God die mag van god, die lewe van God, die besluite van God, die raadsplan van God en God met hul geestelike skoonheid kragdadigheid dan by en vir mense kan verteenwoordig.

Hulle lewe wys altyd geestelike skoonheid en krag, net soos hierdie ou groot helder-wit, blink en skerp bobbejaanspanner! Hulle is altyd geestelike magsimbole. Hulle skoonheid en krag wys dat hulle God se mag verteenwoordig!

Hierdie mense glo dat jou littekens wat jy het wat jy opgedoen het met die swaar en harde take wat die Here vir jou laat doen het met jou kinders, jou ouers, jou vriende, jou medelandsburger en die regering, wys jy is 'n slegte Christen!

Watter een van hierdie bobbejaanspanner is 'n slegte een en watter een is 'n goeie een? Die mooi een is 'n slegte een want hy is nooit gebruik gewees nie. Hy verbeel hom hy is iets terwyl hy niks is nie. Die een met al die littekens is die goeie een, want dit is die een wat altyd deur sy eienaar vir werk gebruik was.

11. Kom ons kyk hoe verskil mooilyk geestelikheid van diensbare godsdiens! Hoe verskil mense wat magsimbole is van mense wat dienaars en werktuie vir die Here is! Ons gaan dit doen deur te kyk na die verskille wat Paulus in Galasiërs wys tussen die praktyke van die sondige natuur en die vrugte van die Gees.

Wanneer 'n mens na hierdie mooi, helder, blink en skerp bobbejaanspanner en na hierdie klein getjpte, geduikte en stomp een kyk, watter een is die losbandige een? Dit is die grote! Want al sy mooiheid wys hy was nooit gebind aan sy dienswerk nie. Hy was altyd los van sy dienswerk, maar hierdie kleintjie met al sy merke en duike wys hy was altyd vasgebind aan sy dienswerk.

Net só! Watter een is die onrein een? Dit is die groot en helder wit een! Want hy was nie toegewy aan sy diens nie, en dit is wat reinwees beteken. Die kleintjie met al sy merke en veraf is rein want sy littekens wys hy was toegewy aan sy dienswerk gewees.

Watter een gaan besig wees met vyandskap, twis, jaloesie, selfsug, tweespalt, skeuring en afguns? Dit is die mooi groot helder wit een! Want hy is besig met 'n lewe van vertoon waarin hy hom verbeel hy is iets terwyl hy niks is nie. Alle mense wat glo hulle vertoon God se krag, mag, lewe, drome, raadsplan en visies is besig om hulle self met ander te vergelyk om te kyk wie wys die meeste van God! Hierdie klein veraf een se littekens wys hy is geduldig, vriendelik, sagmoedig, getrou en selfbeheersd besig gewees met sy dienswerk.

As jy nou regtig wil sien hoe woedend en mislik hierdie mooi een kan wees, moet jy hom net begin gebruik op so manier dat hy littekens kry.

Dit is hoe die Here ons reg maak en toerus met die regte gesindheid om die dienswerk te doen waarvoor Hy ons nodig het en waardeur die Here baie littekens op ons los in die manier wat Hy ons vir moeilike take gebruik het. Ons as gelowiges is trots op ons diens werk al wys dit baie littekens op ons liggaam en siel.

Daarom is ons bereid om littekens op te doen in die moeilike take om pa en ma, man en vrou, ouers en kinders, regering en burgers te wees – want ons is reg gemaak om te dien.

Geestelikes is nooit reg om te dien nie en hul mooi gesindhede is maar net 'n vertoon van mag: hulle probeer God se goddelik krag en lewe binne hulle wys. Maar sodra hulle werklike dienswerk moet doen, dan word hulle mense wat besig is met die praktyke van die sondige natuur.

12. Kom ons sluit af! Die kinders ons kan die boodskap met 'n ander voorbeeld opsom. Wie is kinders wat op hulself trots kan wees? Hulle wat binne in die rugbywedstryd hul werk gedoen en met blou kolle, stukkende plekke, vul klere en verstuite ledemate van die veld afloop, of hulle wat met boutiekklere en gejelde hare op die paviljoene gesit en mooilyk het?

Ons is reg gemaak op die Here te dien. Daarom is ons met die regte gesindheid besig met ons moeilike take en opdragte en kry en dra ons ons littekens wat ons

swaarky in ons liggaam en siel wys as die littekens van Jesus Christus op ons liggaam en in ons siel.

Ons is nie mooi gemaakte geestelikes nie.

.